


KOERSVAS

Jaargang 3 Uitgawe 71 11 September 2015



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Toets geslaag

Koersvas gaan in die volgende paar uitgawes terugvoer gee oor aspekte van die Bondsvergadering. Dit staan lidmate vry om na afloop van die uitgawes vrae in te stuur oor sake wat onduidelik is of waaroor daar meer inligting verlang word.

'n Eerste opmerking wat met graagte en vreugde gemaak word, is dat hierdie vergadering in 'n gemoedelike luim geskied het. Voor die vergadering was daar geen knop in die maag oor sake wat twispunte gaan wees nie. Almal het daarna uitgesien om medestryders weer te sien. Daar is

lank en hard gekuier. Van oral was die terugvoer dat dit aangenaam was om saam met geesgenote te vergader, te dink en te werk. Toets van 'n veilige geestelike ruimte skep: *Geslaag*.

Afgevaardigdes was vol entoesiasme en verbind tot die hele vergadering bywoon. Een afgevaardigde het laat Dinsdag opgemerk: "Dominee, julle toets nou ons lojaliteit". Geen toets was in plek nie, maar sou daar 'n toets gewees het, sou almal dit met vlieënde vaandels geslaag het.

'n Volgende saak wat vermeld moet word, is die leë vlaktes. Dit was in 'n vorige lewe en bedeling amper standaard praktyk om meer mense buite die vergadering te vind

as binne. Die toewyding wat blyk uit die volkerkgebou tydens sittings spreek van 'n wilsbesluit om betrokke te wees en te bly. **Geslaagde entoesiastiese deelname!**

Die leiding wat dr Malan Storm aan die vergadering gegee het, het getuig van geduld, kundigheid en visie. Met die bekwame bystand gebied deur die vergadering skriba, ds Frans Oosthuizen, asook die Bond se sekretaris, ds Frans Marais, het dr Storm die vergadering geleid om deeglike aandag te skenk aan elke saak en weldeurdagte besluite te neem. Met die Tuine - (Dr Botma 2013) en ook die Theresaparkvergadering (Ds Rudi Schoeman) het dit duidelik geword dat die Bond oor baie bekwame leiers beskik, elk met 'n eie styl. Dr Storm se werkswyse het die diepte in leierskap materiaal bevestig. **Leierskap toets geslaag!**

Die eerste Bondsvergadering was 'n klein vergadering gekenmerk deur die euforie van onafhanklik oorleef. Die toekoms was duister. Die tweede Bondsvergadering was deur baie meer gemeentes as die eerste bygewoon, die toekoms was steeds duister, maar die werk is uitgedeel. Die derde Bondsvergadering moes met ernstige werk begin. Bitter min mense het die Geloofsbond of die Bondsgemeentes 'n kans op oorlewing gegee. Nou blyk dit dat die Geloofsbond steeds groei in lidmaat- en gemeente getalle. Die wittebrood is oor en die harde werk moet nou in alle erns begin. Die toekoms is steeds duister, maar die Geloofsbond se gemeentes het almal verantwoordelikheid geneem vir hierdie tog die toekoms in. Kan die Geloofsbond oorskakel na lig vir die wêreld en meer word as net 'n kameraflits? Die antwoord is 'n emfatiese ja. **Toets geslaag!**

BERIGTE

- **Tuine: 50 jaar oud**

Tuine gemeente vier die **gemeente se 50 jarige bestaan op Sondag 13 September**. Na die erediens kuier die gemeente saam tydens 'n braai. As u die geleentheid wil bywoon, skakel dr. Botma by 012-4607768.

- **Bonds damesbyeenkoms**

Op Maandag 7 September 2015 het die dames te Meyerspark Hervormde Gemeente byeen gekom. Hulle tema was LEEF IN DIE LIG. "*Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie*" (Heb. 11:1).

Soos verlede jaar, was die Bonds damesbyeenkoms weer eens 'n ontspanne geleentheid waartydens die vroue in geloof saamgekuier, mekaar beter leer ken, geïnspireer, ondersteun en bemoedig het.

Vroue se latente tegniese vaardighede is met die skep van hul eie vliegtuigies getoets en ons het die vraag gehoor wat iemand wat hou van kuier nog altyd vir Paulus wou vra.

Daar is heerlik gekopkuier oor gemeentelike prioriteite en behoeftes en toe is daar informeel daaroor terugvoer gegee. Daar is uitgedeel en ontvang: Met 'n kieliekkker Kunsterapiessessie is die siele gevoed en deur dit alles het Meyerspark se Hervormde Vrouevereniging die liggame gevoed met die smaakklikste, allerheerlikste eetgoed en etes. Selfs met 'n vetplantjie kan hierdie vroue wondere verrig en 'n skildery van etes maak.

Ondersteuningsisteme is in werking gestel en daar is ook planne in plek begin kry vir die versorging van bejaardes en die

opheffing van volksgenote in en om ons gemeentes.

Bestellings is geneem vir Lewensbrood 2016. Dit is 'n wonderlike Kersgeskenk en wat beter as 'n boek met die boodskap van Christus se verlossing. Alle Lewensbrode kan bestel word deur Ella te kontak by ella@teamworkprinters.com. En dan so 'n kersie op die koek: Ons eerste en geskiedkundige Geloofsbondkwilt is voltooi. Die koning/ koningingrootte kwilt is saamgestel met blokke wat deur verskillende Bondsgemeentes ingestuur is. Lootjievorms is beskikbaar en die wenlootjie word DV die eerste Sondag van Desember getrek. Dus 'n pragtige Kersgeskenk vir iemand. Fondse word aangewend vir die opleiding van verdienstelike Geloofsbond teologie studente. Lootjievorms is beskikbaar by Ella teen R20 elk of 6 vir R100. Lootjies is beskikbaar by alle Geloofsbond Hervormde gemeentes.

- **Meyerspark Bondsvergadering:**

Die derde Bondsvergadering het van 6-8 September 2015 plaasgevind te Meyerspark gemeente. Koersvas se berigte oor die vergadering sal die volgende paar keer geplaas word.

Dr Malan Storm het die vergadering geopen met Skrifgetroue prediking. Die theologiese diepte en insig wat in die prediking na vore gekom het, getuig van die primaat wat geplaas word op gehoorsaam getrou te wees aan God se Woord.

Na die erediens is prof AD Pont se 60e ampsjubileum op gepaste wyse gevier. Prof HG van der Westhuizen het 'n huldeblyk gelewer. Die een saak waarop hy duidelik klem gelê het, was dat prof Pont veilig oor homself voel en daarom onafhanklike denkers en leiers kon oplei in

sy tyd as hoogleraar by UP. Prof Pont het nie belang gestel daarin om "dissipeltjies" te kweek nie. Hy het onafhanlike denkende leiers opgelei. Tydens die luisterryke geleentheid is 'n kopie van prof Pont se nuutste boek "Die verhaal van ons kerk", geborg deur ouderling Eben du Plessis, aan hom en dr Storm oorhandig. Soos deur al die jare, was sy getroue lewensmaat, die stylvolle mevrou Leonie Pont daar neffens hom. Sy kinders was ook teenwoordig. Na afloop van die geleentheid is almal getrakteer met smaaklike snoepgoed en iets te drinke. Maandag het die werk in alle erns begin. Besluite geneem waarvan almal kan kennis neem:

- Die notulehouers sal sorg vir die opneem van alle besluite en handelinge van die vergadering in die **notule**, hulle sal die konsep-notule versprei aan alle afgevaardigdes vir kommentaar en die kommentaar voorlê aan die dagbestuur wat die notule sal afhandel en goedkeur. Dit sal binne 2 maande aan die gemeentes, alle afgevaardigdes en waarnemers met spreekreg beskibaar gestel word. – *U kan met ander woorde navraag doen na die notule indien u dit nie teen middel November ontvang het nie. Neem kennis dat die notule elektronies versprei sal word. Gemeentes sal self notules druk.*

- Daar word besluit dat alle amptelike dokumente van die Geloofsbond en Geloofsbond Gemeentes, wat vir openbare gebruik daargestel en goedgekeur is, eers na 'n staande **formuleringskomitee** verwys word vir grammatale hersiening alvorens dit ter perse gaan. – *Dit het net ten doel om te verseker dat tekste ten opsigte van spelling en grammatika op 'n hoë standaard bly. Ons is immers trots op wie*

ons is en wil goeie gehalte dokumente versprei. Die inhoud en betekenis sal dieselfde bly.

- Die Bondsvergadering het besluit dat dit wenslik is om 'n beleidsdokument op te stel wat die **kernwaarhede** volgens die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes verwoord. Hierdie dokument sal deur die Kuratorium afgehandel en gebruik word in die beoordeling van aansoeke deur gemeentes en predikante wat by die GHG wil aansluit. *Dit sal ook aan lidmate versprei word sodat daar met insig en kennis debat gevoer kan word met teenstanders.* Die dokument word aangebied vir insette en kommentaar. *Die keerdatum is 31 Oktober 2015.*

• Die **Kuratorium** sal uit 10 lede bestaan waarvan ten minste drie lede ouerlinge sal wees. Ds Frans Oosthuizen is as voorsitter aangewys. Die lede van die Kuratorium word vir 'n tydperk van drie jaar aangewys. - *Dit is belangrik om kontinuïteit te verseker in die bestuur van ons studente belang en die groep wat gemeentes se aansoeke oorweeg.* Die kontrak met die APA is geteken en ons eerste twee studente vorder goed. Die GHG het besluit om 'n gedragskode vir studente te aanvaar. Studente sal hierdie kode onderteken en daarby bly. In die lig van arbeidswetgewing het die Kuratorium ook die opdrag om ondersoek in te stel na 'n gedragskode vir predikante. Daar is konsensus oor die beroepsprosedure wat gemeentes sal volg. Gemeentes sal die notule moet raadpleeg oor procedures vir beroepe binne die Geloofsbond asook die beroep van predikante buite die GHG.

- Die **werkswyse** dat die Bond se gemeentes in **streeksverband** ook saamwerk, is bevestig. **Konsulente** vir al

die gemeentes is aangewys en streke sal enige nodige veranderings plaaslik hanteer. Konsulentgemeentes sal dan ook al om die beurt jaarliks by mekaar visitasie doen. In Koersvas 72 sal ons verdere sake van belang aandui.

• **Leedwese**

Die was met groot hartseer dat ons moes kennis neem van die skielike afsterwe van ds Willem Barnard se jonger broer Johan Barnard in die ouderdom van 53 jaar. Sy begrafnis vind Maandag 14 September om 12:00 plaas vanuit die NHK gebou Buffelspoort. Ds Adam Barnard (ouer broer) van die APK sal die diens waardeem. Ons versoek u om die gesin aan die Here op te dra.

• **Bybelvasvrae 2015**

Die eerste Bybelvasvra tussen selfstandige gemeentes het gedurende 2013 plaasgevind. Ons lees in die notule van die eerste Bondsvergadering dat elke onafhanklike gemeente aangemoedig word om op gemeente- en streeksvlak by die Bybelvasvra betrokke te raak. Die Werkgroep vir Jeug en Kategese sou besin oor die sinvolheid al dan nie van 'n "nasionale" Bybelvasvra. Twee van die klein profete, naamlik Nahum en Habakuk het eerste aan die beurt gekom.

Gedurende 2014 het ds Rudi Schoeman die Vaspvra gekoördineer. Die bestek was die drie Johannesbriewe en die Heidelbergse Kategismus – Sondag 1 tot 8. Hy het die Vaspvra só bekend gestel: *Bybelkennis is onvervangbaar. Die Woord van God moedig ons deurlopend aan om die Woord te bestudeer en dit te oordink, want sê Psalm 1: 1 & 2 "Dit gaan goed met die mens ...wat in die woord van die Here*

sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.” In dieselfde asem bevestig die Heidelbergse Kategismus in vraag en antwoord 21 die waarde van ons kennis van die Woord van God as ons hoor dat ware geloof ook ‘n vasstaande kennis van die Woord is.

Vanjaar het die eerste Bondswye finale rondte plaasgevind. Die bestek was: Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling & Sondae 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels). Die Vasvra is by wyse van ‘n skrywe gedateer 18 November 2014 aan gemeentes bekend gestel. Baie dankie aan die redakteur van Koersvas wat met elke verskyning van die e-koerant die saak onder almal se aandag gehou het. So ook aan die webmeester, oudl Jaco de Ridder, wat die skrywe op die webblad geplaas het en baie behulpsaam was met die uitstuur van verdere korrespondensie en selfs ook ‘n eie e-posadres en faksnommer op die webruimte van die Geloofsbond vir die Bybelvasvra geskep het.

My hartlike dank gaan ook aan ds Antoinette van Zyl en oudl Hessie Janse van Rensburg van die Hervormde Kerk Vrede en oudl Mientjie Geyser van die Onafhanklike Hervormde Gemeente Bloemfontein wat behulpsaam was met die opstel van die vraestelle (Mientjie wat self deelgeneem het in die afdeling “ander,” het gehelp met die laerskoolvraestel). So ook aan my vrou Kozette en dogter Tresia vir hulp met die puntetelling en persentasieberekening.

Elke gemeente kon self besluit oor ‘n gemeentelike rondte terwyl streeksrondtes op Sondag 16 September en die finale rondte op Sondag 30 September plaasgevind het.

Gemeentes en streke

Terugvoer is ontvang van die Selfstandige Hervormde Gemeente Makwassie dat hulle ‘n Vasvra gehou het tussen ‘n span broeders en ‘n span susters waarin die susters die broeders ore aangesit het.

In die Pretoriastreek het vier gemeentes by name Gemeente Tuine, Theresapark Gemeente, Gemeenskap van Gelowiges Grootvlei en die Hervormde Kerk Meyerspark op 16 September ‘n streeksvasvra by Meyerspark gehou. Trofee is aan die wenners in die Laerskool, Hoërskool en Naskoolse wenspanne toegeken.

In die Ring van die Oranje-Vrystaat het die Hervormde Kerk Vrede en die Onafhanklike Hervormde Gemeente Bloemfontein aan die Ringsronde deelgeneem, terwyl die Onafhanklike Hervormde Gemeente Heilbron (wat nie teenwoordig kon wees nie) hulle eie reëlings getref het.

Indien daar gemeentes en streke is wat nie hier vermeld word nie, maar waar daar wel vasvra gehou is, is dit omdat dit nie onder die organiseerde se aandag gebring is nie.

Deelnemers aan die finale rondte

Die volgende spanne het deelgeneem:

Laerskool

Theresapark Sterrekykers

Wilma de Beer, Anri Labuschagne en Marissa van der Zel

Hoërskool

Grootvlei Finalejaars

Duncan du Plessis, Herman Labuschagne, Mieke Schulz en Danie van Tonder

Theresapark Skaapwagters

Jemima Coetzee, Lourens Hinsbeeck, Nico Labuschagne, Jason Lyon en James Pretorius

Ander

Bloemfontein

Johan en Carien Ackerman, Mientjie

Geyser, Joanie le Roux en Kozette Strauss Grootvlei Aandspan	
Lisa Holtzhausen, Fred Labuschagne, Suné Pretorius, Tokkie Robinson en Willie Robinson	
Grootvlei Sout en Peper	
Miemie Bezuidenhout, Hendrik Brenkman, Anette de Beer, Sandra de Beer en Lourens de Beer	
Theresapark Die Rooi Tou - Diakens	
Jaco de Beer, Frits Snyman en Mariette van Zyl	
Theresapark Rigters - Kategete	
Rina (CW) de Beer, Elna (EF) Hinsbeeck, Sannie (SKD) Labuschagne, Andre (A) Pretorius, Susan (SW) Pretorius en Gerbrand (GA) van der Zel.	
Theresapark Salomo - Ouderlinge	
Dries (AM) Grundlingh, Petro (DP) Grundlingh, Bernard (B) Harley, Elize (EN) Harley en Mariana (MJS) van Zyl	
Baie dankie aan di Marais en Schoeman vir die entoesiasme wat hulle en hulle helpers in hulle gemeentes aangewakker het! Dit is duidelik dat die families Ackerman, De Beer, Grundlingh, Harley, Hinsbeeck, Labuschagne, Pretorius, Robinson en Van der Zel groot erns maak met Bybelstudie.	
Uitslag	
Laerskool	
Daar is vooraf gesê dat as daar net een deelnemende span per kategorie is, die span minstens 70% moet behaal om as wenner aangewys te word. Die Theresapark Sterrekykers het 83% behaal!	
Hoërskool	
Grootvlei Finalejaars	69%
Therezapark Skaapwagters	48%
Ander	
Grootvlei Aandspan	92%
Theresapark Rigters	82%
Theresapark Die Rooi Tou	82%

Theresapark Salomo	78%
Grootvlei Sout en Peper	71%
Bloemfontein	56%
Bybelgenootskap van Suid-Afrika	
Ons hartlike dank gaan aan dr Stephan Hoffman van die Bybelgenootskap wat aan elke lid van die wenspanne 'n eksemplaar van die <i>Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling</i> , sowel as 'n medalje sken.	
Trofee	
'n Versoek word hiermee aan skrynwerkers (of ander vakmanne) binne die Bond gerig om vir elke kategorie 'n trofee te maak, wat dan as jaarlikse wisseltrofee in elke afdeling gebruik sal word. Vakmanne wat bereid is om hiermee te help word versoek om kontak te maak met ondergetekende (Ds Lewis Strauss 076 061 01239 of Ijstrauss@lantic.net)	
Wenke aan deelnemers aan die 2016 vasvra	
Gee ewe veel aandag aan elke Bybelhoofstuk en Vraag en Antwoord uit die Kategismus.	
Slotwoord	
Mag die Bybelvasvra van jaar tot jaar groei en dien tot geloofsversterking van elke deelnemer. – Ds L Strauss	
KENNISGEWINGS	
1. Advertensies	
Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.	
• Oornag fasiliteite by Villa Stoney – nabij Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za .	
• Premiermyn bied vir slegs R100 inskrywingsgeld 'n kompetisie met as eerste prys 'n week vir 12 te Marloth park, op die rivier. Daar is ook groot	

<p>tweede en derde prys. Belangstellendes kan skakel met Hans Esterhuizen by 084 581 2905.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Premiermyn hou einde November hulle gevestigde jaarlike Kersmark. Gehalte uitstallers wat belangstel om deel te word van die mark, kan betyds met Alta skakel by 082 682 1252. • Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015 Paul en Ella help graag met: <ul style="list-style-type: none"> ➤ Kalender R8-30 elk ➤ Verlofregister R24-75 elk ➤ Kwitansie R16-90 elk 	<ul style="list-style-type: none"> ➤ Offergawe R6-60 elk ➤ Dames Kwitansie R14-45 elk ➤ Konsistorie R22-35 elk ➤ Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk <p>ella@teamworkprinters.com</p> <p>2. Geloofsbond Eredienste : www.geloofsbond.co.za Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas. http://www.geloofsbond.org.za/</p>
--	--



GELOOFSBONDKWILT

Die koning/ koningingrootte kwilt is saamgestel uit blokke wat deur verskillende Bondsgemeentes ingestuur is. Lootjievorms is beskikbaar en die wenlootjie word DV die eerste Sondag van Desember getrek. Dus wat 'n pragtige Kersgeskenk vir iemand. Die fondse gaan aangewend word vir die opleiding van verdienstelike Geloofsbond teologie studente. Lootjievorms is beskikbaar by Ella teen R20 elk of R100 vir 6. Lootjielyste is beskikbaar by alle Geloofsbond Hervormde gemeentes. Gemeentes kan ook met Ella skakel om nog lootjielyste te kry.

MAAK 'N DONASIE VAN R100-00 EN STAAN 'N KANS OM EEN VAN DIE VOLGENDE PRYSE TE WEN

**1ste Prys: Week se verblyf met luukse
akkommodasie te Marloth Park teenaan die rivier.
Slaap 12. Daaglikse skoonmaak ingesluit.**

2de Prys: R1500-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis

3 de Prys: R1000-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis



Trekking: 29 November 2015
Pryse kan nie vir kontant
omgeruil word nie.

Kontak Hans Esterhuizen
vir verdere besonderhede by 084 581 2905

Vir verpakkingsmateriaal, spysenierings-benodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies
van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING**by 018 381 1494.